DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 15

[CHRISTUS]
DIE PROFESIEË OOR JESUS CHRISTUS

A. DIE AARD VAN PROFESIEË

(1) Die Bybel is uniek en geen boek kan daarmee vergelyk word nie!

Die profete van die Ou Testament het honderde jare van te vore profesieë (d.w.s. voorspellinge van God) oor die komende Messias, Jesus Christus, gemaak wat almal in vervulling gegaan het! In hierdie studie verwys ons na meer as 60 profesieë in die Ou en die Nuwe Testament wat vooruitwys na die komende Jesus Christus. Miskien kan een of twee van hierdie profesieë in ’n ander persoon as Jesus vervul word, maar seker nie soveel en selfs almal nie! Daar is maar één kans uit een honderdduisend biljoen (100 000 000 000 000 000) dat 8 van hierdie profesieë in één persoon in de geskiedenis in vervulling sal gaan! Die feit dat al hierdie profesieë in Jesus Christus in vervulling is gegaan, is absoluut uniek in die wêreldgeskiedenis! Dit bewys ook dat daar ’n Intelligensie (God Self) agter die Bybel en die profesië en hul vervulling in die geskiedenis staan! Die profesieë in die Bybel en hul vervulling is ook uniek onder al die godsdienstige boeke in die wêreld en bewys dat geen ander godsdienstige boek met die Bybel vergelyk kan word nie!

(2) Die profesieë moet in vervulling gaan.

Jesus het gesê dat alles wat in die Wet van Moses en in die Profete (die profetiese boeke) en in die Psalms oor Christus geskrywe is, vervul moet word, (Lukas 24:44).

(3) Die vervulling van profesieë vind op vyf maniere plaas:

Sommige profesieë in die Ou Testament het sowel ’n voorlopige letterlijke vervulling in die Ou-Testamentiese periode, as ook ’n latere en minder letterlike vervulling in die Nuwe-Testamentiese periode. Dit word dan pas in die Nuwe Testament duidelik. Die Ou-Testamentiese profesieë word soms letterlijk en soms nie letterlijk in die Nuwe Testament uitgelê. Profesieë in die Ou Testament word op die volgende maniere in die Nuwe Testament vervul:

- Letterlijk (L)
- Tipologies (T)
- Analogies (A)
- volgens Betekenis (B)
- of Christologies (C)

1. Die letterlike vervulling van de Ou-Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament.

Byvoorbeeld Miga 5:1 (Matteus 2:5-6). Die Messias word letterlijk in Betlehem gebore.

Ander Ou-Testamentiese profesieë wat letterlijk in die Nuwe Testament vervul is, is: Jesaja 42:1-4 (Matteus 12:18-21), Sagaria 9:9 (Matteus 21:4-5), Psalm 110:1 (Matteus 22:43-45), Daniël 7:13-14, Sagaria 12:10-14 (Matteus 24:30). Psalm 2:7 (Hebreërs 1:5), Psalm 110:4 (Hebreërs 5:6).

2. Die tipologiese vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament.

Byvoorbeeld. In die Ou Testament verwys Hosea 11:1b na die eksodus van Israel uit Egypte as “’n tipe” vir die eksodus van Israel uit die ballingskap in Babilon. In die Nuwe Testament verwys Matteus 2:15 na die eksodus van Israel uit Egypte als “’n tipe” van die eksodus van die Messias uit Egypte. God het besluit dat die Dienaar van die Here (Jesus Christus) die vervulling is van alles wat sy volk Israel sou wees. Israel is dus ‘n tipe van die Messias (vgl. Jesaja 49:3,6)!

Ander Ou-Testamentiese profesieë wat tipologies in die Nuwe Testament vervul is, is: Psalm 2:7 (Matteus 3:17); Jesaja 61:1 (Matteus 11:5b), Psalm 78:2 (Matteus 13:35), Psalm 62:12 (Matteus 16:27), Psalm 118:26-27 (Matteus 21:9), Psalm 118:22 (Matteus 21:42), Sagaria 13:7 (Matteus 26:31), Psalm 69:21 (Matteus 27:34), Psalm 22:18 (Matteus 27:35), Psalm 22:7 (Matteus 27:39), Matteus 27:41-43 (Psalm 22:7-8); Matteus 27:46 (Psalm 22:1), Johannes 13:18 (Psalm 41:9); Johannes 15:25; Psalm 69:4,9 (Johannes 15:25; 2:17); Psalm 22:16 (Johannes 20:25); Psalm 45:6-7 (Hebreërs 1:8-9), Psalm 8:4-6 (Hebreërs 2:5-8), Psalm 22:22 (Hebreërs 2:12), Psalm 40:6-8 (Hebreërs 10:5-6).

3. Die analogiese vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament.

Byvoorbeeld. In die Ou Testament (Jeremia 31:15) huil en treur Ragel, die moeder van Josef (die verteenwoordiger van die noordelike koninkryk van Israel) en van Benjamin (die verteenwoordiger van die suidelike koninkryk van Juda) omdat haar kinders (afstammelinge) van Rama in Israel (op die grens tussen die twee koninkryke) agtermekaar as ballinge na Assirië (721 v.C.) en Babilonië (586 v.C.) weggevoer word. In die Nuwe Testament (Matteus 2:17-18) huil en treur die moeders van klein kindertjies in Betlehem omdat hul kinders deur Herodus vermoor word. Die laaste gebeurtenis is analoog aan (dit lyk op) die eerste gebeurtenis.

Ander Ou-Testamentiese profesieë wat analogies in die Nuwe Testament vervul is, is: Jesaja 7:14 (Matteus 1:23), Deuteronomium 8:1-3 (Matteus 4:1-4), Miga 7:6 (Matteus 10:35-36), Jesaja 35:5-6 (Matteus 11:5a), Jesaja 8:17-18 (Hebreërs 2:13).

4. Die vervulling van die betekenis van die Ou-Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament.

Byvoorbeeld. Matteus 2:23 (soos die Ou-Testamentiese profete dinge sien). 'n Nazarener" is iemand wat uit die dorp Nazaret kom. Terwyl Betlehem 'n beroemde stad was waaruit beroemde mense gekom het, was Nazaret 'n onbeduidend klein dorpie met onbelangrike mense. Hoewel Matteus 2:23 nie 'n spesifiek Ou-Testamentiese profesie is nie, dra dit die betekenis van Ou-Testamentiese profesieë oor. Die woorden "So is vervul wat deur die profete (meervoud) gesê is" wys na wat verskillende profete van die komende Messias begryp het. Hy sou 'n onbeduidende persoon wees wat deur die mense verag en verwerp sou word (vgl. Psalm 22:6-8; Psalm 69:8,20,21; Jesaja 11:1; Jesaja 9:7; Jesaja 53:2,3,8; Daniël 9:26).

5. Die Christologiese vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë in die Nuwe Testament.

Byvoorbeeld. Wat in die Ou Testament oor GOD gesê word (Esegiël 34:11-16a; Jesaja 40:11), word in die Nuwe Testament aan Christus toegeskryf (Johannes 10:11-14).

Ander Ou-Testamentiese profesieë wat christologies in die Nuwe Testament vervul is, is: Sagaria 11:12-13; Jeremia 18:2 (Matteus 27:9-10), Jesaja 45:23 (Filippense 2:10); Deuteronomium 32:43 in die Dode See rolle (Hebreeën 1:6). Psalm 102:25-27 (Hebreërs 1:10-12).

B. PROFETIESIEË OOR DIE GODDELIKE NATUUR EN EWIGHEID VAN JESUS CHRISTUS

1. Jesus is "die Begin" en bestaan van alle ewigheid af.

(1) Profesie. Spreuke 8:22-25 (971 – 685 v.C.)
(2) Vervulling. Johannes 1:1 (70-98 n.C.); Openbaring 21:6 (95-96 n.C.) (A)

2. Jesus is "God die Skepper" vanaf die skepping tot aan die vernuwing van alle dingen.

(1) Profesie. Psalm 102:26-28 (1000-400 v.C.).
(2) Vervulling. Hebreërs 1:10-12 (voor 64 n.C.)(C)

3. Jesus is "die enige Seun van God" wat God Self is.

(1) Profesie. Psalm 2:7 (Jesaja 9:6)
(2) Vervulling. Matteus 11:25-27 (63-66 n.C.); Lukas 1:32 (60-61 n.C.); Markus 1:11 (44-46 n.C.); Johannes 1:1,14,18; Handelinge 13:33 (61 n.C.); Hebreërs 1:5 (T). Vgl. handleiding 2, supplement 8.
(3) Toeligting. God se gesalfde haal God se woorde aan Hom aan, "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader (letterlijk: vandag het Ek jou verwek). Ek sal Sy Vader wees , en Hy sal my Seun wees" (Hebreërs 1:5). Hierdie woorde word nooit deur God aan 'n engel gerig nie. Engele word wel "seuns van God" (Job 1:6; Job 38:7) genoem (in die sin van "dienare van God")(Hebreërs 1:14), maar geen engel word ooit "die Seun van God" genoem nie – 'n uitdrukking wat alleen vir die Gesalfde van God gebruik word en Hom 'n spesiale status gee! Hierdie goddelikjke dekreet (Psalm 2:7b-9) bewaar die teks van die liturgie wat by die kroning van 'n koning in die dinastie van koning Dawid gebruik is. Hierdie woorde word ook in die kroningsseremonie van konings in die wye omgewing van die Middeooste gebruik. Hierdie woorde sou egter heeltemal vervul word in die komende messias (beteken: Gesalfde) uit die geslag van koning Dawid

Die uitdrukking: "Seun van God" m.b.t. Jesus Christus word nooit in liggamelike (fysieke, biologiese) sin gebruik nie! Dit word ook nooit in geestelike, simboliese of tipologiese sin gebruik nie, maar alleen in 'n ontologiese, metafysiese en trinitariese sin. Dit gee uitdrukking aan die feit dat Jesus Christus altyd die Goddelike Wese is en altyd die Goddelike Natuur besit het en verwys na die tweede van die drie Synswyses of Bestaanswyses van die één Goddelike Wese.[1]

Terwyl Jesus Christus alleen sy menslike natuur van die maagd Maria ontvang het (Lukas 1:26-37), besit Hy sy goddelike natuur van alle ewigheid. God Self sê in die Ou Testament dat Jesus Christus die Seun van God is (Psalm 2:6-7). God self sê ook in die Nuwe Testament dat Jesus Christus die Seun van God is (Matteus 3:16-17). Jesus Christus Self sê dat Hy die Seun van God is (Matteus 26:63-64; Matteus 27:43). Ook die apostel Paulus sê dat Jesus Christus die Seun van God is (Romeine 1:3-4).

Elke mens wat ontken dat Jesus die Christus (die Messias) is, is 'n leuenaar! Elke godsdiens wat ontken dat Jesus Christus die Seun van God is, is die antichris (1 Johannes 2:18). En elke mens wat die Seun van God nie erken nie,

[1] Selfs Sura 4:171 in die Koran (ná 722 n.C.) verwys na die drie bestaanswyse of openbaringswyse van die Goddelike Wese, as: (1) Isa Masih (die Messias Jesus), (2) "die Woord van Allah (God)" (vgl. Johannes 1:1,14)(97 n.C.) en (3) "die Gees van Allah" (vgl. Romeinen 8:9-10) (57 n.C.)!

verwerp ook die Vader (die enige God wat bestaan) (1 Johannes 2:22-23)! Elke mens of godsdiens wat Jesus Christus verwerp, verwerp ook God wat Hom gestuur het (Lukas 10:16)!

Jesus Christus het sonder om sy Goddelike Natuur af te lê, die menslike natuur daarby aangeneem en so sy skepping en die menslike geskiedenis binnegetree deur die maagd Maria (Filippense 2:6-7; Kolossense 1:15; Kolossense 2:9). Deur sy menswording het Jesus Christus "God met ons" (Jesaja 7:14; Matteus 1:23) geword en het hy onder ons kom woon en het Hy God aan die mensen bekend gemaak (letterlik: ge-eksegetiseer, verklaar, kenbaar gemaak) (Johannes 1:1,14,18).

Die uitdrukking "vandag" is 'n verwysing na die verhoging van Jesus Christus: sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging as Koning in de hemel. Toe is Hy met koninklike waardigheid beklee as die seun van God (Romeine 1:3-4). Toe is hy uitgeroep as Priester wat vir ewig die Koning van geregtigheid is[2] (Psalm 110:4). Jesus Christus is van alle ewigheid af die Seun van God, bewys sy volkome gehoorsaamheid in sy lyding op die aarde en begin met sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging die uitoefening van sy regte as Seun van God (Matteus 28:18).

Die uitdrukking "die eniggebore Seun van God" of "die eniggebore God" (Johannes 1:18) hou geen enkel verband met iets wat liggaamlik (fysies, biologies) is! Alle andere vorme van seunskap impliseer "'n begin in die tyd", maar omdat hierdie uitdrukking van God gebruik word, het die seun van God geen begin nie! Hy is ewig! Die uitdrukking "die Seun van God" verwys na die tweede Synswyse of Bestaanswyse van die Goddelike Wese en die blywende nou verhouding tussen God die Vader en God die Seun. God is Gees (Johannes 4:24) en woon in 'n ontoeganklik lig (1 Timoteus 6:16). Die Enige persoon wat die onsigbare God (sy Wese, Natuur) sigbaar openbaar en met sy lewe, woorde en werke verklaar (kenbaar maak), is Jesus Christus! (Johannes 1:1,18; Matteus 11:25-30). Dis oneindig meer as watter "profeet" ook al wat alleen maar met woorde na die bestaan van 'n god gewys het! Alle profete bly "menslike wesens", maar Jesus Christus is "die ware God" (1 Johannes 5:20; Romeine 9:5; Kolossense 2:9)!

Psalm 2:8-9 verwys na die goddelike en soewereine mag van Jesus Christus. God die Vader het God die Seun tot Oorwinnar van alle volke gemaak, enersyds deur sy verlossing (vers 8) en andersyds deur sy oordeel (vers 9). Elke mens op aarde staan of val met betrekking tot sy verhouding tot Jesus Christus (Lukas 2:34)!

C. PROFESIEË OOR DIE GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS

4. Jesus is God wat by sy goddelike natuur ook die menslike natuur aangeneem het (4/5 v.C.).

(1) Profesie. Jesaja 7:14 (740-60 v.C.).
(2) Vervulling. Matteus 1:18-23 (63-66 n.C.) (T)
(3) Toeligting. Wie was hierdie vrou en hierdie kind? Jesaja het aan die begin van 734 v.C. geprofeteer dat 'n jong vrouw moeder sou word van 'n kind en hom die naam "Immanuel" (wat "God met ons" beteken) sou gee. Die name van die vader of die moeder word nie genoem nie. Hierdie profesie het eers 'n letterlike vervulling gehad gedurende die Ou-Testamentiese periode. Die kind in Jesaja 7:14 was 'n gewoon kind wat gedurende die regering van koning Agas (734-726 v.C.) gebore is. Voordat die seuntjie kon onderskei tussen goed, sou die lande van twee konings vir wie Agas bang was, verwoes lê" (Jesaja 7:15-17). In 734 v.C, het die koning van Assirië, Tiglat-Pileser, die noordelike koninkryk van Israel met sy hoofstad Samaria verower (2 Konings 15:29) en in 732 v.C. die koninkryk van Sirië (Aram) met sy hoofstad Damascus verower (2 Konings 16:9).

Maar die Nuwe Testament onthul dat hierdie profesie ook 'n ander vervulling in die Nuwe-Testamentiese periode gekry het wat nie letterlijk was nie (Matteus 1:22-23)! God het in sy wysheid daarvoor gesorg dat die maagd Maria sonder 'n menslike vader die moeder sou word van die regte Immanuel-kind. Die kind in Jesaja 7:14 was dus ook 'n teken, simbool of tipe van die komende Messias-kind! Die Seun van God (die goddelijke wese) het die menslike natuur by sy goddelike natuur aangeneem en is toe as 'n kind op aarde gebore (Johannes 1:1-14; Filippense 2:5-7). Sy Naam "Immanuel" verduidelik wie hierdie kind is: "God wat as 'n mens by mense kom woon het" (Matteus 1:23; Johannes 1:14; 1 Johannes 1:1-3).

God die Vader en God die Seun is één goddelike Wese (Johannes 10:30). Vanaf die begin het die Seun die Vader geopenbaar (Johannes 1:18; 14:9; Kolossense 1:15; vgl. Jesaja 9:5), spreek Hy dieselfde woorde as die Vader (Johannes 12:50), doen Hy dieselfde werke as die Vader (Johannes 10:37-38), doen Hy dieselfde wondere as die Vader (bv. Hy wek dooie mense op), gee die ewige lewe aan gelowiges en sal uiteindelik die ongelowiges oordeel (Johannes 5:17-29,36-40; Johannes 10:28-38; Johannes 12:44-50; Johannes 14:9-10). In sy goddelike natuur is Jesus Christus gelyk aan God die Vader (Johannes 1:1; Johannes 5:18; Johannes 10:33; Filippense 2:6), maar in sy menslike natuur is Hy aan die mense gelyk, uitgesonder die feit dat Hy geen menslike vader gehad het nie en ook geen sonde gehad het nie (Johannes 1:14; Johannes 14:28; Filippense 2:7; 2 Korintiërs 5:21). Daarom is Hy die enige moontlike Middellaar tussen God en die mense (1 Timoteüs 2:5)!

[2] Melgisedek beteken "my Koning is regverdig".

5. Jesus is in Betlehem gebore (4/5 v.C.).

(1) Profesie. Miga 5:1 (737-680 v.C.).
(2) Vervulling. Matteus 2:1-6 (L)

6. Jesus is as 'n manlik kind gebore.

(1) Profesie. Jesaja 9:5-6.
(2) Vervulling. Lukas 2:6-7; Openbaring 12:5 (L)

7. Koning Herodus het geprobeer om Jesus te dood.

(1) Profesie. Jeremia 31:15-17 (627-586 v.C.).
(2) Vervulling. Matteus 2:17-18 (A).

8. Jesus het tot die dood van Herodus in Egipte bly.

(1) Profesie. Hosea 11:1 (754 – 714 v.C.).
(2) Vervulling. Matteus 2:14-15 (T)

9. Jesus was in Nazaret 'n onbeduidend persoon.

(1) Profesie in algemeen Ou-Testamentiese sin.
(2) Vervulling. Matteus 2:23 (B)
(3) Toeligting. 'n Nazarener" is iemand wat uit die dorp Nazaret kom. Terwyl Betlehem 'n beroemde stad was waaruit beroemde mense gekom het, was Nazaret 'n onbeduidend klein dorpie met onbelangrike mense. Hoewel Matteus 2:23 nie 'n spesifiek Ou-Testamentiese profesie is nie, dra dit die betekenis van Ou-Testamentiese profesieë oor. Die woorde: "So is vervul wat deur die profete (meervoud) gesê is" wys na wat verskillende profete van die komende Messias begryp het. Hy sou 'n onbeduidende persoon wees wat deur die mense verag en verwerp sou word (vgl. Psalm 22:6-8; Psalm 69:8,20,21; Jesaja 11:1; Jesaja 9:7; Jesaja 53:2,3,8; Daniël 9:26).

D. PROFESIEË OOR DIE LEWE EN TAAK VAN JESUS CHRISTUS

10. Jesus is "die HERE" (Hebreeus: JaHWeH) en Johannes die Doper het as sy voorloper die weg vir Hom gebaan (26 n.C.).

(1) Profesie. Jesaja 40:3,9-11; Maleagi 3:1-3,23-24 (Maleagi 4:5-6) (432-420 v.C.).
(2) Vervulling. Matteus 3:1-3 (A); Matteus 11:7-14; Matteus 17:10-13 (L)

11. Jesus het in Galilea opgegroei en daar sy bediening begin.

(1) Profesie. Jesaja 9:1-2.
(2) Vervulling. Matteus 3:13 (L), Matteus 4:12-17 (L), Matteus 9:35; Lukas 4:14-21 (L)

12. Die Heilige Gees het op Jesus neergedaal (26 n.C.).

(1) Profesie. Jesaja 11:1-2.
(2) Vervulling. Matteus 3:16-17; Johannes 1:32-33 (L)

13. Jesus is God se uitverkore geliefde.

(1) Profesie. Jesaja 42:1.
(2) Vervulling. Matteus 3:16-17 (T)

14. Jesus het die versoeking van die duiwel oorwin.

(1) Profesie. Deuteronomium 8:3b.
(2) Vervulling. Matteus 4:4 (A)

15. Jesus het na God geluister voordat hy ander mense onderrig het.

(1) Profesie. Jesaja 50:4-5.
(2) Vervulling. Markus 1:35 (L)

16. 'n Taakomskrywing van Jesus:
Hy het hoop gegee aan gebroke mense en nie met sy vyande getwis nie.

(1) Profesie. Jesaja 42:1-4.
(2) Vervulling. Matteus 12:18-21 (L)
(3) Toeligting. *Wat was die taak van die Messias?* "Hy sal my reg aan die nasies bring (NV: Hy sal my wil aan die nasies bekend maak)" (Jesaja 42:1). Jesaja profeteer dat die Dienaar van de Here God se geregtigheid (wat reg

is in God se oë) sal vestig op die aarde totdat hierdie geregtigheid die algemeen erkende gesag op die aarde sal wees (vgl. 1 Korintiërs 15:24-28). Wat in Jesaja 2:2-4 en Jesaja 51:4 toegeskryf word aan die HERE word hier toegeskryf aan die Middellaar, Jesus Christus! Die Dienaar van de HERE word veral beskryf as Profeet en Wetgever – "'n tweede Moses".

Die profesie gaan oor letterlike blindheid en gevangenskap, maar ook oor geestelike blindheid en gevangenskap in sonde van sowel Israel as die ander volke (vgl. Jesaja 42:18,20; Jesaja 43:8). Die wonderwerke van Jesus sou die mense weer siende en vry maak.

Vir wie is die Messias 'n Dienaar? Jesaja profeteer in vers 1 en 4b dat die Messias aan alle volken geregtigheid sou verkondig en dat die verste lande verlangend sou uitsien na die onderwysing van die Messias. Sy verlossingswerk is dus bestem vir alle volke op aarde!

Hoe vervul die Messias sy taak? Jesaja profeteer in vers 2 dat die Messias nie op straat sou roep, skree of sy stem sou verhef nie. Hy sou Homself nie met magsmiddele op mense opdring nie en ook geen heilige oorloë voer nie. Juis met innerlike geestelike krag sou Hy die volke dwing om na Hom te luister. Hy sou op 'n stille en beskeie wyse sy weg vervolg en nie deur oppervlakkige toeskouers opgemerk word nie. Hy het selfs mense verbied om bekendheid aan Hom te gee. Sy optrede was vol mildheid en barmhartigheid teenoor zwak en ziek mense.

Die Messias sou sy taak volbreng. Jesaja profeteer dat die Messias zonder verswakking of onderbreking met sy werk sou aanhou totdat Hy dit voltooi het (vers 4; Johannes 17:4). Hy sou wel op teenstand stuit en selfs "gebreek" word (Jesaja 49:7; Jesaja 50:6; Jesaja 53:5) ('n verwysing na sy lyding), maar Hy sou sy einddoel bereik!

In Matteus 12 gaan hierdie profesie in vervulling. Tydens sy eerste koms, het Hy mense verbied om Hom bekend te maak en het Hy op 'n beskeie wyse sy weg gegaan. Hy het Homself toegespits op swak en siek mense. Hy het letterlike blinde mense en geestelike blinde mense siende gemaak (Johannes 9:39-41) en Hy het mense van hul sondes bevry waaraan hulle verslaaf was (Johannes 8:30-36). Na sy dood en opstanding het Jesus die groot opdrag aan sy dissipels gegee om die evangelie nie alleen aan die volk Israel (Matteus 10:5-7), maar ook aan alle ander volke in die wêreld te verkondig (Markus 16:15; Matteus 28:18-20). Deur sy apostels en sy Gemeente sit Hy die werk wat Hy begin het voort oor die hele wêreld (vergelyk Lukas 1:1-4 met Handelinge 1:1-8).

17. 'n Tweede taakomskrywing van Jesus.
Hy het God se beloftes vervul en die nuwe verbond ingewy.

(1) Profesie. Jesaja 42:6b; Jesaja 49:8.
(2) Vervulling. Lukas 22:20; Hebreërs 8:6-13 (L)
(3) Toeligting. "Ek maak jou (Jesus Christus) my verbond met my volk, my lig vir die nasies" (Jesaja 42:6b). Jesus sou die nuwe verbond inwy. Hy sou nie alleen die Middellaar van die verbond wees nie, meer die verpersoonliking van die verbond, omdat in Hom al die beloftes van God in vervulling sou gaan (2 Korintiërs 1:20)! Die vergieting van bloed aan die kruis sou die verbond bekragtig (Lukas 22:20).

18. 'n Derde taakomskrijwing van Jesus.
Hy het die evangelie van bevryding verkondig.

(1) Profesie. Jesaja 42:6c-7; Jesaja 49:9.
(2) Vervulling. Handelingen 13:46-47 (L)
(3) Toeligting. Jesus sou die evangelie verkondig om die oë van geestelijk blinde mense oop te maak (Jesaja 42:18,20; Jesaja 43:8; vgl. Johannes 8:12; Johannes 9:39-41), om mense van die verslawing aan die sonde te verlos (Johannes 8:30-36) en mense uit die duisternis en wanhoop van hul gevangenis te bevry.

19. 'n Vierde taakomskrywing van Jesus.
Hy het 'n genadejaar van die HERE (JaHWeH) uitgeroep.

(1) Profesie. Jesaja 61:1-2a.
(2) Vervulling. Lukas 4:18-19 (L+T)

E. PROFESIEË OOR DIE LYDING EN DOOD VAN JESUS CHRISTUS

20. Jesus het 'n menslike liggaam gekry om die soenoffer vir sondes van mense te word.

(1) Profesie. Psalm 40:7-9 (Grieks Septuaginta)(vers 6: "U het vir My 'n liggaam voorberei.")
(2) Vervulling. Hebreërs 10:5-7 (T)

21. Jesus was volmaak sondeloos.

(1) Profesie. Jesaja 53:9 (“Hy het geen misdaad gepleeg nie.”)
(2) Vervulling. Hebreërs 4:15; 2 Korintiërs 5:21 (“Hy het nie gesondig nie”).

22. Jesus se huismense het Hom as ’n vyand beskou.

(1) Profesie. Miga 7:6.
(2) Vervulling. Matteus 10:35-36 (A); zie Markus 6:4; Johannes 7:5.

23. Jesus is deur die godsdienstige leiers van Israel afgekeur.

(1) Profesie. Psalm 118:22.
(2) Vervulling. Matteus 21:42 (T)

24. Jesus is deur die volk verag as iemand wat uit Galilea kom (= ‘n buitelander).

(1) Profesie. Jesaja 49:7, Jesaja 53:2-3.
(2) Vervulling. Johannes 1:45-46: Johannes 7:41-42 (“Die Christus kom tog nie uit Galilea nie?” (L)

25. Jesus is sonder rede deur die wêreld uitgeskel.

(1) Profesie. Psalm 69:9 (“Mense wil my nie meer ken nie.”).
(2) Vervulling. Romeine 15:3; Johannes 8:48 (Samaritaan = iemand met gemengde bloed); Johannes 9:24 (sondaar = iemand wat Gods doel mis); Johannes 10:20 (iemand wat deur ’n demoon besete is).

26. Jesus is sonder rede deur die wêreld gehaat.

(1) Profesie. Psalm 69:5 (“Mense wat my sonder rede haat.”)
(2) Vervulling. Johannes 15:25 (T)

27. Jesus is deur Sy vriend verraai (in die rug gesteek) (30 n.C.).

(1) Profesie. Psalm 41:10; Psalm 55:13-15.
(2) Vervulling. Johannes 13:18; Matteus 26:20-25 (T)

28. Jesus is vir 30 stukke silwer uitgelewer.
Daarmee is later die grond van die pottebakker gekoop.

(1) Profesie. Sagaria 11:12-13; Jeremia 19:1-15.
(2) Vervulling. Matteus 26:14-16 (C); en Matteus 27:3-10, zie Jeremia 32:6-9 (A)

29. Jesus is deur sy eie dissipels verstoot en deur sy vyande gearresteer.

(1) Profesie. Sagaria 13:7-9.
(2) Vervulling. Matteus 26:31,50,56 (T)

30. Jesus is deur mense bespoeg en geslaan en is deur soldate gegesel.

(1) Profesie. Jesaja 50:6.
(2) Vervulling. Matteus 26:67-68; Johannes 19:1 (T)

31. Jesus is gekruisig. Toe is sy hande en voete deurboor (30 n.C.).

(1) Profesie. Jesaja 53:5; Psalm 22:17 (letterlijk: “deurboor my hande en voete”) .
(2) Vervulling. Johannes 19:18; Johannes 20:25,27 (L)

32. Jesus het asyn met mirre daarin gekry om te drink.

(1) Profesie. Psalm 69:22.
(2) Vervulling. Markus 15:23,36 (T)

33. Jesus is naak gekruisig en sy klere is verdeel.

(1) Profesie. Psalm 22:18-19.
(2) Vervulling. Matteus 27:35 (T)

34. Jesus is deur mense bespot.

(1) Profesie. Psalm 22:7-9.
(2) Vervulling. Matteus 27:39-44 (T)

35. Jesus is deur God verlaat.

(1) Profesie. Psalm 22:1.
(2) Vervulling. Matteus 27:46 (T)

36. Jesus het Hom nie verset nie, nie vir mense terug beledig nie en hulle nie gedreig nie.

(1) Profesie. Jesaja 53:7a.
(2) Vervulling. 1 Petrus 2:23 (L)

37. Jezus is as 'n lam na die slagplek gelei.

(1) Profesie. Jesaja 53:7b.
(2) Vervulling. Matteus 27:31; Johannes 1:29 (L)

38. Jesus het regtig gesterf.

(1) Profesie. Jesaja 53:8 (Hy was uit die land van die lewendes afgesny.")
(2) Vervulling. Lukas 23:46 (L)

39. Mense het Jesus gesien wat hulle doodgesteek het.

(1) Profesie. Sagaria 12:10.
(2) Vervulling. Johannes 19:33-37 (met 'n speer); John 20:25,27 (met spijkers) (L)

40. Jesus is in 'n graftombe van 'n ryk man begrawe.

(1) Profesie. Jesaja 53:9 ("Letterlik: Hy was by *die ryke* in sy dood.")
(2) Vervulling. Matteus 27:57-60 (L)

41. Jesus het as 'n plaasvervangend soenoffer vir die sondes van mense gesterf.

(1) Profesie. Jesaja 53:5-6,10-12.
(2) Vervulling. Romeine 4:25; Hebreërs 9:28; Efesiërs 2:13-18 (60-61 n.C.); 1 Petrus 2:24-25; 1 Petrus 3:18 (L)

42. Jesus het volkome sondeloos gesterf.

(1) Profesie. Jesaja 53:9 ("Hy was by sondaars ('n ryke) in sy dood; Hy het geen misdaad gepleeg nie; Hy was nooit vals nie").
(2) Vervulling. Johannes 8:46 ("Wie van julle kan sonde by My aanwys?")(2 Korintiërs 4:15; Hebreeën 4:15; Hebreeën 7:26); 1 Petrus 2:24 ("Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra") (L)

43. Jesus het as onderdeel van God se ewige plan gesterf.

(1) Profesie. Jesaja 53:10 ("Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel.")
(2) Vervulling. (Hy *moes* sterf!). Lukas 24:44; Handelinge 2:23; Handelinge 4:28 (L)

F. PROFESIEË OOR DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS

44. Jesus het uit die dood opgestaan.

(1) Profesie. Psalm 16:10 (met betrekking tot David).
(2) Vervulling. Handelinge 2:23-32; Handelinge 13:30-37; vgl. Jesaja 55:3 en Habakuk 1:5 (T).

45. Jesus het op die derde dag uit die dood opgestaan.

(1) Profesie. Jona 1:17; Matteus 12:39-40; Matteus 16:21; 17:23; 20:19.
(2) Vervulling. Markus 16:1-7 (L)
(3) Toeligting. Die profesie oor die opstanding "op die derde dag" in Lukas 24:46 (60-61 n.C.) weerspieël wat daar in Jona 1:17 (783-743 v.C.) en Hosea 6:2 (754-714 v.C.) in die Ou Testament geskryf is, maar is gebaseerd op de letterlike voorspellings van Jesus Christus Self in Matteus 16:21, Matteus 17:23 en Matteus 20:19 (63-66 n.C.) (Markus parallelle 20 jaar eerder).

G. PROFESIEË OOR DIE HEMELVAART EN TROONSBESTYGING VAN JESUS CHRISTUS

46. Jesus het langs die wolke na die hemel opgevaar.

(1) Profesie. Jesaja 52:13; Daniël 7:13-14.
(2) Vervulling. Handelinge 2:9-11 (L)

47. Jesus het die hemelse troon as HERE bestyg en het toe met de onderwerping van al sy vyande begin.

(1) Profesie. Psalm 110:1; Psalm 8:5-7. “Hy sal hoog verhef word” (NV: “Hy sal hoog in aansien wees” (Jesaja 52:13), “Elke knie sou voor Hom buig, elke tong sou in sy Naam ’n eed aflê” (Jesaja 45:23).

(2) Vervulling. Openbaring 5:1-14; Handelinge 2:33-36; Matteus 22:44-46, Matteus 26:63-64; 1 Korintiërs 15:24-27; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; Hebreërs 1:13; Hebreërs 2:5-10 (L)

(3)Toeligting. In Psalm 110:1 staat: “Die HERE (Hebreeus: JaHWeH) het vir my heer (Hebreeus: <Adonai)” gesê.” In Handelinge 2:34-36 staan: “Die Here (Grieks: kurios) het vir my Here (Grieks: kurios) gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God (Grieks: ho theos) het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here (Grieks: kurios) en Christus (Grieks: christos) gemaak.” Jesus Christus is die tweede Synswyse of Bestaanswyse van die één Goddelike Wese.

48. Jesus, die Gesalfde en ewige Koning, is as “God” aangespreek.

(1) Profesie. Psalm 45:7-8; Jesaja 9:5; vgl. Jesaja 10:20-21 (740-680 v.C.)

(2) Vervulling. Hebreërs 1:8-9 (T)

(3) Toeligting. Psalm 45 vier ’n koninklike bruilof (miskien van Josafat, 870-846 v.C.). Die digter spreek eers tot die bruidegom, die deur God gesalfde koning (vers 1-10) en daarna tot die bruid (vers 11-18). Die koning word aangespreek in oordrewe woorde wat kenmerkend was in ’n midde-oosterse hofhouding. Hy word beskou as die mooiste van alle mense, altyd deur God geseënd, ‘n krygsheld vir wie volke in die stof byt.

In Psalm 2:7 word die gesalfde koning as “die Seun van die HERE” aangespreek: “Die HERE (Hebreeuws: JaHWeH) het het vir my gesê, ‘Jy is my seun, van vandag af is Ek jou Vader (letterlik: “vandag het Ek jou verwek”)(Hebreeuws: beni, attah ani hajom jildtika).

Maar in Psalm 45:7-8 word hy as “God” aangespreek: “U troon, O God (NV: verhewe wese)(Hebreeuws: elohim), staan vir altyd vas .... daarom, O God (NV: verhewe wese) (Hebreeus: elohim), het u God (Hebreeus: eloheka) u bo u tydgenote tot koning gesalf.” Hy heers in volmaakte geregtigheid en sy troon is ewig. Hy behoort tot die dinastie waaraan God spesiale beloftes verbonde het. Hierdie koning in Israel is ’n tipe van die komende Messias-Koning. Hebreërs 1:8-9 bevestig dit. Alleen die Messias-Koning is regtig “die Seun van God” (Hebreërs 1:5), ja “God” (Hebreërs 1:8-9). Alleen Hy regeer in volkome geregtigheid en alleen sy troon hou stand tot in ewigheid.

Jesus Christus is nie alleen ‘n mens, gebore uit die nageslag van Dawid nie (Romeine 1:3), maar ook God, “die Afstraling van Gods heerlijkheid en de Afdruk (NV: Ewebeeld) van die Wese van God (Hebreërs 1:3). Reg en geregtigheid is nie alleen die fondament van die troon van God nie (Psalm 89:15), maar ook van die troon van die Messias (Hebreërs 1:8-9). Die troon van die Messias is die troon van God (Openbaring 22:3) en sy Koninkryk is ’n ewige koninkyk (2 Petrus 1:11)!

H. PROFESIEË OOR DIE VERLOSSINGSWERK VAN JESUS CHRISTUS

PROFEET

49. Jesus is die allergrootste en laatste Profeet (26-30 n.C.).

(1) Profesie. Deuteronomium 18:15-19 (1407 v.C.).

(2) Vervulling. Handelinge 3:22-23 (61 n.C.) en Hebreërs 1:1-2 (voor 64 n.C.) (L)

(3) Toeligting. Moses (1527–1407 v.C.) het geprofeteer: Toe het die Here vir my gesê, “Ek sal ’n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel. Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie” (Deuteronomium 18:15-19). “Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word” (Handelinge 3:22-23).

Die Nuwe Testament onthul dat Jesus die grootste en laaste Profeet op die aarde is. Die profete uit die Ou-Testamentiese periode loop tot Johannes die Doper (Matteus 11:13). Christus sluit die Ou-Testamentiese profete af deur die ewige Groot Profeet te wees deur wie God sy beslissende Woord tot mense gespreek het (Hebreërs 1:1-2). Genade, waarheid en openbaring van God kom deur Jesus Christus (Johannes 1:14-18). Hy spreek met gesag en eis van mense gehoorsaamheid (Matteus 7:24-29). Wie nie luister na de woorde van Jesus, luister ook nie na die woorde van God nie (Johannes 5:34-36; Johannes 14:23-24). Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie” (Johannes 5:23). Wie Jesus nie ken nie, ken ook nie God nie (Johannes 8:19,24). Wie nie in Jesus glo nie, glo ook nie in God nie (Johannes 12:44). Wie Jesus nie aanneem nie, werwerp ook God” (Lukas 10:16; Johannes 13:20).

- Godsdienste wat sê dat hierdie profesie in die Bybel na hul eie profeet verwys, dwaal, want hulle vergeet dat hierdie laaste en grootste profeet nie ’n Arabier of ’n Amerikaan of ’n Koreaan was nie, maar ’n Jood!
- Hulle negeer al die ander profesieë oor die Messias in die Bybel
- Hulle sluit hul oë vir die vervulling van al hierdie profesieë in die Bybel
- Hulle heilige boek bevat geen profesie en ook geen vervulling van ’n profesie nie (Handelinge 3:14-23)!

Mense, wat beweer dat die Bybel deur Christene gewysig is, maar tog die Bybel gebruik om aanspraak te maak op hul eie profeet, is nie alleen inconsekwent nie, maar ook valse profete!

50. As Profeet het Jesus die Naam (en dus: die wese) van God aan sy broeders in die Gemeente bekend gemaak.

(1) Profesie. Psalm 22:23.
(2) Vervulling. Hebreërs 2:12 (T)

51. As Profeet het Jesus die boodskap van verlossing in gelykenisse verkondig.

(1) Profesie. Jesaja 6:9-10; Psalm 78:2 (960 v.C.) “Ek sal my mond met spreuke (gelykenisse) oopmaak, outydse verborgenhede laat oorloop.” (NV. Ek gaan ’n gedig voordra, ek gaan julle inlei in geheimenisse uit die verre verlede.”)
(2) Vervulling. Matteus 13:10-17,34-35 (T)

52. As Profeet het Jesus geregtigheid en verlossing aan die volke op die aarde gebring.

(1) Profesie. Jesaja 42:1-7; Jesaja 49:6 (740-680 v.C.); Haggai 2:6-7 (520 v.C.)
(2) Vervulling. Matteus 12:15-21 (L)
(3) Toeligting. *Wat was die taak van de Messias?* Jesaja profeteer dat de HERE geregtigheid sal bring aan die volke. Hy sal die oë an blindes open, gevangene uit die kerker bevry en wie in duisternis sit uit die gevangenis. Die Dienaar van die HERE word veral geteken as Profeet en Wetgewer, as ’n tweede Moses. Die einddoel van sy bediening is om reg en geregtigheid op die hele aarde te vestig (vgl. 1 Korintiërs 15:24-28; vgl. Efesiërs 1:10)! Di konteks spreek ook oor die blindheid van Israel en die heidense volke (Jesaja 42:18,20; Jesaja 43:8; Jesaja 49:6) en hul gevangenskap in sonde.
Wie sou die Messias dien? Jesaja profeteer dat die Messias geregtigheid sou bring aan alle volke en dat die verste nasies met verwagting sal uitsien na sy koms (Jesaja 42:1,4). Sy werk van verlossing is dus ten behoewe van alle volke op die aarde!

Hoe sou die Messias sy taak vervul? Jesaja profeteer dat Hy nie op straat sou skree nie en sy stem nie sou verhef nie (Jesaja 42:2). Hy sou mense sonder geweld dwing om na Hom te luister. Hy sou nie met sy teenstanders twis nie. Hy sou sy taak in stilte en met nederigheid uitvoer, sonder dat oppervlakkige toeskouwers Hom sou opmerk. Hy sou met sagmoedigheid en barmhartigheid optree.

Sal Hy sy taak vervul? Jesaja profeteer dat die Messias sy taak sou uitvoer sonder te verslap en sonder te stop (Jesaja 42:4; Johannes 17:4). Hy sou teenstand ervaar, maar daardie teenstand sou uiteindelik verbreek word (Jesaja 49:7; 50:6; 53:5) en Hy sou sy doel bereik!

Hierdie profesie gaan in vervulling gedurende die Nuwe-Testamentiese periode (Matteus 12:15-21). Hy het mense verbied om Hom bekend te maak en het sy taak onopgemerk uitgevoer. Hy het veral aandag gegee aan die swakkes en siekes. Hy het ’n blindgebore man (Johannes 9:39-41) en verslaafdes aan sonde (Johannes 8:30-36) genees. Na sy dood en opstanding het Hy aan sy dissipels die Groot Opdrag gegee om die evangelie te verkondig, nie alleen aan Israel nie (Matteus 10:5-7), maar ook aan alle volke in de wêreld (Markus16:15; Matteus 28:18-20). Jesus het sy werk van verlossing voortgesit deur sy apostels en sy Gemeente (Kerk) in die wêreld (vgl. Lukas 1:1-4 met Handelinge 1:1-8).

53. As Profeet het Jesus aangekondig dat die tyd van genade aangebreek het.

(1) Profesie. Jesaja 61:1-2.
(2) Vervulling. Lukas 4:18-21 (L)

PRIESTER

54. Jesus is die allerhoogste en ewige Priester .

(1) Profesie. Psalm 110:4.
(2) Vervulling. Hebreërs 5:6; Hebreërs 7:15-28 (L)
(3) Toeligting. Dawid (1011–971 v.C.) het geprofeteer: “Die Here het ’n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: “Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek” (Psalm 110:4). Die Nuwe Testament onthul dat Jesus Christus die allerhoogste priester sou wees. In teenstelling tot alle ander priesters (in alle godsdienste van die wêreld) sou Hy sondeloos, heilig, sonder skuld of smet en in ewigheid volmaak wees (Hebreërs 7:26-28). In teenstelling tot alle ander priesters wat elke dag weer onwillige diere offerandes vir hulleself en vir die mense bring, sou Hy Homself eens en vir altyd (Hebreërs 9:6-14,25-26) volkome vrywillig (Johannes 10:17-18) as soenoffer vir alle gelowiges bring. In teenstelling tot alle Ou-Testamentiese priesters wat sterf en deur ander opgevolg moet word, sou Hy die Hoëpriester vir ewig wees. Hy sou uit die dood opstaan en vir ewig bly lewe en werk as Hoëpriester (Hebreërs 7:15-25). In teenstelling tot alle ander priesters sou Hy as Hoëpriester nie in ’n aardse heiligdom (tempel, kerk of moskee) optree nie, maar in die hemel in die direkte teenwoordigheid van God (Hebreërs 9:24). En in teenstelling tot alle ander priesters sou Hy met al ons swakhede medelye hê, omdat hy in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp sou word, maar sonder om te sondig (Hebreërs 4:14-16).

55. As Priester is Jesus begaan met die lot van sy volk.

(1) Profesie. Jesaja 8:17-18 (Sy volk = “die kinders wat die here vir Hom gegee het”)
(2) Vervulling. Hebreërs 2:13 (A)

56. As Priester het Jesus eers Gods huis (die tempel) gereinig.

(1) Profesie. Psalm 69:10 (Dawid 1011-971 v.C.).
(2) Vervulling. Johannes 2:13-17 (L+T)

57. As Priester seën Jesus alle volke op die aarde.

(1) Profesie. Genesis 22:18 (Abraham 2167-1992 v.C.)
(2) Vervulling. Galasiërs 3:8,16 (50 n.C.) (L)

58. As Priester help Jesus mense wat siek is en ly.

(1) Profesie. Jesaja 53:4.
(2) Vervulling. Matteus 8:14-17 (L)

59. As Priester is Jesus die Goeie Herder van sy kudde.

(1) Profesie. Miga 2:12-13; Esegiël 34:11-16; Esegiël 34:23; Esegiël 36:25-28; Esegiël 37:23-24 (593-571 v.C.).
(2) Vervulling. Johannes 10:11-18 (C + L)

60. As Priester is Jesus die Pleitbesorger van Christene by God die Vader.

(1) Profesie. Job 16:19 (Job 1900-500 v.C.)
(2) Vervulling. Romeine 8:34 (57 n.C.); Hebreërs 7:25; 1 Johannes 2:1 (L)

KONING

61. Jesus is die hoogste en ewige Koning. Alle mag (gesag) behoort aan Hom.

(1) Profesie. Psalm 89:27-29 (971-931 v.C.); Jesaja 9:5-6; Daniël 7:13-14.
(2) Vervulling. Matteus 28:18; Johannes 3:35; Johannes 12:34; Johannes 13:3; Openbaring 1:5; Openbaring 17:14; Openbaring 19:16 (L)

62. As Koning is Jesus die hoogtepunt van God se verbond met Abraham en Dawid en die teokrasie van Israel. Die Koninkryk van Christus sal nooit eindig nie!

(1) Profesie. 2 Samuel 7:11-16 (voor 910 v.C.); 1 Kronieke 17:4-14 (ongeveer 400 v.C.). Jesaja 9:7; Daniël 7:13-14; Daniël 2:44; Lukas 1:33.
(2) Vervulling. Lukas 1:32-33; zie Hebreërs 1:5; 1 Petrus 2:9-10 (62-63 n.C.) (A+L)
(3) Toeligting. De teokrasie onder de Messias-Koning sou *die hoogtepunt van Gods verbond* met Abraham en met Dawid wees. God se beloftes aan Dawid in 1 Kronieke 17 word beskou as ’n verbond wat God met Dawid gesluit het, naamlik, dat daar altyd iemand uit sy nageslag op die troon van Israel sou wees (2 Kronieken 6:16). En God se verbond met Dawid word gesien as ’n voortsetting van God se verbond met Abraham (Genesis 15:12-21).

God se belofte aan Dawid in 2 Samuel 7 sien *hierdie voortsetting* van God se verbond in sy eie seun, Salomo, en die koninkryk van Juda. Maar sy belofte aan Dawid in 1 Kronieke 17:10-14 sien *die hoogtepunt* van God se verbond in die koms van die Messias-Koning en sy wêreldomvattende en ewige Koninkryk.

- In plaas van die woorde: “jou saad/nageslag wat voortkom uit jou liggaam (NV: jou eie seun) (d.w.s. Salomo) (2 Samuel 7:12) sê die deur God geïnspireerde skrywer van die boek Kronieke: “jou saad/nageslag wat één van jou seuns sal wees” (d.w.s. die Messias) (1 Kronieken 17:11).
- In plaas van die woorde: “jou (Dawid se) huis en jou (Dawid se) koningskap sal vir ewig vasstaan en sy (Dawid se) troon/koningskap sal vir ewig bestendig wees” (2 Samuel 7:16) sê die deur God geïnspireerde skrywer van die boek Kronieke: “Ek (die Here) sal Hom (die Messias-Koning) in My (Gods) huis en in My (Gods) koningschap vir ewig laat standhou (Hebreeus: ‘amad, Hi), en sy (die Messias-Koning se) troon zal vir ewig seker wees” (Hebreeus: nakon) (1 Kronieke 17:14).

Dus, hy het die verwysings na koning Salomo in die boek van Samuel verander tot verwysings na die Messias-Koning in die boek van Kronieke! Hy het openbaar dat die verbond en die teokrasie in die Ou Testament vervul sou word in die Messias-Koning, Jesus Christus en sy Koninkryk. Daarom sê die profeet Jesaja in sy boek: “Ek wil met julle *’n ewige verbond* sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid” (Jesaja 55:3). Sowel die profeet Jesaja as die skrywer van die boek Kronieke verwag dat die toekomstige vervulling van God se belofte aan koning Dawid in die Messias sou plaasvind.

Die troon van Dawid is niks minder as "die troon van God" nie (1 Kronieke 28:5; 2 Kronieke 9:8; 2 Kronieken 13:8). Daarom is al die konings wat van Dawid afstam belangrike persoonlikhede in die teokrasie. Daarom word hulle ook verantwoordelik gehou om hulle hoë roeping te vervul, net soos Dawid dit gedoen het. Maar terwyl die konings van Juda die teokrasie van Israel nie van die grond kon kry nie, sou die Messias-Koning wel daarin slaag om die ewige Koninkryk van God op die hele aarde te vestig (Jesaja 9:7; Ezechiël 21:25-27 HSV; Daniël 2:44)!

63. As Koning het Jesus sy Koninkryk by sy eerste koms gevestig.

(1) Profesie. Daniël 2:44; Daniël 7:13-14 (605-537 en 2de eeuw v.C.)
(2) Vervulling. Matteus 12:28 (L)
(3) Toeligting. Die profeet Daniël openbaar dat die koninkryke van die konings van die wêreld uiteindelik deur die Koninkryk van die Messias vervang sou word. Die Koninkryk van God (Christus) is by die eerste koms van Christus gevestig en sal sy finale fase by die wederkoms van Christus bereik.

64. As Koning het Jesus die satan op aarde gebind en sy mag aan bande gelê (beknot).

(1) Profesie. Genesis 3:15 (by die skepping).
(2) Vervulling. Matteus 12:28-29; Lukas 10:2-3,9,16-20 Johannes 12:31-32; Kolossense 2:14-15; Hebreërs 2:14; 1 Johannes 3:8; Openbaring 12:1-12 (L)
(3) Toeligting. Satan word by die eerste koms van Christus "gebind" (ingeperk, beknot).

65. As Koning het Jesus sy koninkryk deur reg en geregtigheid gevestig.

(1) Profesie. Jesaja 9:6; Jesaja 11:4-5; Jesaja 16:4-5; Jesaja 32:1-4; Jesaja 32:15-18; Jesaja 33:5-6; Jesaja 42:1-9; Jeremia 23:5-6; Jeremia 33:14-17; vgl. Psalm 72:1-2.
(2) Vervulling. Hebreërs 1:8-9; 1 Korintiërs 1:30; 2 Petrus 3:13 (64 n.C.) (L)
(3) Toeligting. Die profeet Jesaja openbaar die vestiging van die troon van Hiskia (727-685 v.C.) as 'n tipe van die komende Koninkryk van goedertierenheid en geregtigheid van die Messias (Jesaja 16:4-5). Hy vestig Sy Koninkryk met reg en geregtigheid (Jesaja 9:7). Die profeet Esegiël openbaar dat die wêreldse koninkryk van Juda met sy onheilige, goddelose koning Sedekia ondanks alle leuenagtige voorspellings wat deur Nebukadnesar gemaak is, vernietig sou word totdat Hy wat daarop reg het (die Messias) sou kom. Aan Hom sou die Koninkryk gegee word (Esegiël 21:25-27)!

66. As Koning is Jesus die Vredevors.

(1) Profesie. Miga 5:1-4; Jesaja 9:5; Jesaja 55:4-5.
(2) Vervulling. Romeine 5:1; Efesiërs 2:14.
(3) Toeligting. Jesus Christus is "'n regeerder en gebieder van volke" (Jesaja 55:4-5). Maar anders dan die ander leiers in die wêreld wat "baasspeel oor die nasies en die mag oor hulle misbruik" (Matteus 20:25), is Jesus Christus "die Vredevors (Jesaja 9:5) wat "vrede bring" (Miga 5:1-4). Hy voer geen oorloë, ook geen heilige oorloë (jihads) nie. Hy gebruik geen wêreldse (vleeslike) wapens nie (2 Korintiërs 10:4-5). Hy maak dat mense in elke volk vrede met die God van die Bybel sluit (Romeine 5:1) en ook vrede met mekaar sluit (Efesiërs 2:14)!

67. As Koning is Jesus die Hoeksteen (van 'n gebou) en Sluitsteen (van 'n poort) van die koninkryk van God.

(1) Profesie. Psalm 118:22; Jesaja 28:16.
(2) Vervulling. Matteus 21:42-44; Handelinge 4:11; 1 Petrus 2:7; Hebreërs 12:28 ('n onwankelbaar Koninkryk) (C)

68. As Koning is Jesus deur baie mensen in Jerusalem verwelkom (30 n.C.).

(1) Profesie. Sagaria 9:9-10 (520-518 v.C.); Psalm 118:26.
(2) Vervulling. Matteus 21:4-5,9; Matteus 23:39 (L)

69. As Koning sal Jesus uiteindelik alle volke aan Hom onderwerp.

(1) Profesie. Genesis 49:10 (Jakob 2007-1860 v.C.); Jesaja 45:21-23 1 Korintiërs 15:24-27.
(2) Vervulling. Filippense 2:9-11 (eind 61 n.C.) (C)

I. PROFESIEË OOR DIE WEDERKOMS VAN JESUS CHRISTUS

70. Die groot verdrukking sal vóór die wederkoms van Jesus plaasvind.

(1) Profesie. Daniël 12:1; Matteus 24:21-29a; Openbaring 11:7-10.
(2) Vervulling. (L)

71. Die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig sal vóór die wederkoms van Jesus opgerig word.

(1) Profesie. Daniël 9:27; Daniël 11:31; Daniël 12:11.
(2) Vervulling. Hierdie profesie gaan drie maal in vervulling:

- Die eerste keer het hierdie profesie in vervulling gegaan toe Antiochus Epifanes die Siriër in 167 v.C. die Griekse afgod Zeus in de tempel opgerig het (1 Makkabeërs 1:29-64) (100 n.C.)(L)
- Die tweede keer het hierdie profesie in vervulling gegaan toe die Romeine in 70 n.C. die Romeinse standaarde (baniere) met afgodsbeelde bo-op in die tempel ingedra het (Matteus 24:15; Lukas 21:20-24)(L)
- Die finale vervulling zal plaasvind tydens die groot verdrukking kort vóór die enige wederkoms van Jesus Christus wanneer die laaste antichris aanbidding vir homself opeis (2 Tessalonisense 2:1-4; Openbaring 13:14-15)(T)

72. Die wederkoms van Christus sal plotseling en onverwags plaasvind.

(1) Profesie. Matteus 24:43-44.
(2) Vervulling. 1 Tessalonisense 5:2-3; 2 Petrus 3:10a; Openbaring 3:3, Openbaring 16:15. (L)

73. Jesus sal by sy wederkoms sigbaar vir almal op die wolke verskyn.

(1) Profesie. Daniël 7:13-14; Matteus 24:30, Matteus 26:64.
(2) Vervulling. (L)

74. Jesus sal die goddelose en onregverdige volke verbrysel.

(1) Profesie. Psalm 2:9; Openbaring 12:5.
(2) Vervulling. (L)

75. Jesus sal die laaste oorlog teen Christene plotseling beëindig.

(1) Profesie. Openbaring 11:7; Openbaring 13:7; Openbaring 16:12-16; Openbaring 19:11-21; Openbaring 20:7-10.
(2) Vervulling. (L).

76. Jesus sal alle dooie liggame uit die dood opwek.

(1) Profesie. Job 19:25-27; Johannes 5:28-29.
(2) Vervulling. (L)

77. Alle Christene sal in die wolke weggevoer word om Jesus Christus by sy wederkoms te verwelkom en te bewonder.

(1) Profesie. Matteus 24:40-41; 1 Tessalonisense 4:14-17; 2 Tessalonisense 1:10.
(2) Vervulling. (L)

78. Alle mensen zal Jesus sien as deurboor met spykers en 'n spies.

(1) Profesie. Sagaria 12:10; Openbaring 1:7 (by sy wederkoms)
(2) Vervulling. (T + L), zie Johannes 19:18,33-37; Johannes 20:25,27 (vervulling bij sy eerste komst).

79. Elke knie sal voor Jesus buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is (die God van die Bybel en die Koning van die heelal).

(1) Profesie. Jesaja 45:23; Filippense 2:10-11.
(2) Vervulling. (C)

80. Alle engelen sal Jesus toejuig en aanbid.

(1) Profesie. Vgl. Deuteronomium 32:43 (Dode See rolle: "Laat al Gods engele Hom aanbid."); vgl.Psalm 97:1-9 ('n Psalm georienteerd op die eindtyd: "Die Here is hoog verhewe bo alle gode", vers 9); Hebreërs 1:6.
(2) Vervulling. (C)

81. Jesus sal alle mense beloon volgens hul dade.

(1) Profesie. Psalm 62:13; Matteus 16:27.
(2) Vervulling. (C)

82. Jesus sal mense regverdig oordeel en eerlik vonnis.

(1) Profesie. Jesaja 11:3-5; Lukas 12:47-48; Johannes 7:24; Openbaring 15:3-4.
(2) Vervulling. (L)

83. God sal by die wederkoms van Jesus die hemelliggame (die geskape universum) laat bewe.

(1) Profesie. Jesaja 13:10; Esegiël 32:7-8; Joël 2:31 (500-400 v.C.); Matteus 24:29; Hebreërs 12:26-27; Openbaring 6:12-13, Openbaring 8:12; Openbaring 16:17-21; Openbaring 20:11.
(2) Vervulling. (L).

84. Jesus sal hierdie skepping laat slyt en verander, maar Self bly Hy vir ewig onveranderlik.

(1) Profesie. Psalm 102:25-27; Jesaja 65:17; Matteus 24:35; Hebreërs 1:10-12; 2 Petrus 3:10-13.
(2) Vervulling. (C+L)

85. Jesus sal met sy Bruid (die Nuwe Jerusalem, sy Gemeente) vanuit die lug op die nuwe aarde neerdaal.

(1) Profesie. Openbaring 21:1-4.
(2) Vervulling. (L)

86. Jesus sal die aangesig van God wees wat regverdiges voortdurend sal sien.

(1) Profesie. Openbaring 22:3-4; (zie Johannes 14:9-10).
(2) Vervulling. (L)

87. Jesus sal met sy dienare vir ewig oor die nuwe aarde heers.

(1) Profese. Openbaring 3:21; Openbaring 22:5; (vgl, Matteus 24:47; Matteus 25:21; Lukas 19:17)
(2) Vervulling. (L)